Dinsdag **24 September**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:14, 15 (AFR83/2020)**

**Die Bybelse leer troos in troostelose tye**

Ons leef in moeilike tye! Paulus waarsku Timoteus oor die swaar tye wat in die laaste dae sal kom (2 Tim. 3:1-5). Die mense se werke bly boos ten spyte daarvan dat hulle altyd aan die leer is. Want hulle kan net nie tot die volle begrip van die waarheid kom nie (2 Tim. 3:7).

Paulus was self as geleerde eers met bose werke besig. Al sy geleerdheid kon hom ook nie tot die volle begrip van die waarheid bring nie. Eers toe Christus Homself aan hom openbaar, leer hy die Waarheid ken. Die Waarheid is nie net ’n intelligente konsep nie, maar ’n persoon, Jesus Christus! Jesus het self getuig; “Ek is die weg, die waarheid en die lewe ...” (Joh. 14:6). Só bekeer God Paulus tot die regte leer en lewe.

Paulus skryf aan Timoteus wat ’n gelowige ma en ouma gehad het en self ook tot geloof gebring is. Hy het die waarheid dat Jesus die enigste Verlosser is, self omhels en volg Paulus na, soos Paulus Jesus navolg. Daarom getuig hulle albei se lewenswandel, lewensdoel, geloof, geduld, liefde en volharding téén die wêreld en beleef hulle vervolging.

Ten spyte van vervolging moes Timoteus bly by dit wat hy geleer het. Hy ken immers sy leermeesters en die bron waaruit die leringe kom, naamlik die Heilige Skrifte. Geskrifte wat oor eeue en deur uiteenlopende individue onder God se inspirasie saamgestel is. Dié Skrifte wat verkeerdhede regstel en dwaalleringe bestry om sodoende die regte leefwyse te kweek.

Ons is gelowiges wat die Waarheid uit God se Woord aangeneem het. Al hoe ons ware troos kan bly beleef, is op dié smal weg wat na die lewe lei. Om met geloofsvertroue vas te hou aan die lering uit God se Woord, ten spyte van die misleiding, vyandskap en vervolging.

*Sing: Psalm 25-1:1, 2, 4*

*Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)*